Alfabetiese volgorde en woordeskat*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

AFRIKAANS HUISTAAL
Graad 4
Module 15
ALFABETIESE VOLGORDE EN WOORDESKAT
Aktiwiteit 1
Om alfabetiese volgorde te verstaan [LU 6.1.2]
Om betekenis van woorde in 'n woordeboek na te slaan [LU 6.1.6]
Jy het reeds geleer hoe om woorde alfabeties te rangskik.

(a) Rangskik die volgende **huis**-woorde alfabeties en skryf hulle ondermekaar neer.
(b) Slaan hulle betekenisse in die verklarende woordeboek na en skryf dit langsaan neer.
(c) Kyk of jy die wonings in die skets kan identifiseer.

wigwam; skakelhuis; hartbeeshuis; chalet

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

*Version 1.1: Jun 21, 2009 2:35 pm -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/



Figure 1

Aktiwiteit 2
Om woordeskat uit te brei [LU 6.1.8]
Kies die regte woorde uit die gegewe lys om die sinne te voltooi:
Die woorde begin almal met 'n **f** of **v**.
fantasties valskerm
fontein fortuin
vliegtuig vyand
filmster fabriek
vreemdeling verbeelding
familie fluister
verfris valhelm
vriend

(a) In my ..... is ek 'n beroemde .....
(b) Ek verdien 'n ..... met elke film waarin ek speel.
(c) My huis is ..... en daar is 'n swembad waarin

ek my gereeld kan ..... as ek warm kry.

(a) Op elke hoek van die swembad spuit daar 'n .....
(b) Agter die huis is 'n aanloopbaan vir my privaat .....
(c) Ek spring ook baie ..... en die .....

vir my kop is van goud gemaak.

(a) My huis word streng bewaak en geen .....

of my ..... sal daar kan inkom om my en my ..... kwaad aan te doen nie.

(a) Ek besit ook 'n ..... waar hulle sjokolade maak

en ek kan daarvan eet soveel as wat ek wil.

(a) Ek kan maar net ..... en hoef nie eers hard te praat as

ek iets wil hê nie. Daar is altyd 'n bediende wat regstaan om my te bedien.
Aktiwiteit 3

Om ‘n oplossing vir ‘n probleem te bedink [LU 5.4.2]

Ek het ‘n probleem! Ek het op ‘n staptog gegaan, maar ek het verdwaal. Dit word nou donker en ek moet vir myself ‘n soort skuiling maak. Ek het die volgende artikels in my rugsak: ‘n kombers, ‘n stuk tou en ‘n paar wasgoedpennetjies. My ander hulpmiddels is die natuur met die bome, bosse, klippe, takke en blare in die woud. Maak ‘n skets van die skuiling wat ek kan maak met die hulpmiddels tot my beskikking. Voorsien jou sketsplan van byskrifte. Vertel nou vir ’n maat van jou plan.



Figure 2

Assessering

LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- taal gebruik om skeppend te dink:
- verskillende moontlikhede of scenario's vir 'n gegewe situasie ontwikkel.

LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- met woorde werk:
- ontwikkelende kennis van die kompleksiteit van alfabetiese volgorde toon;
- spelling en betekenis in 'n woordeboek nagaan;

6.1.8 woordeskat ontwikkel deur woordfamilies en woorde uit dieselfde veld te herken.

Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) chalet

hartbeeshuis

skakelhuis

wigwam

(b) A. hartbeeshuis

B. chalet

C. skakelhuis

D. wigwam

Aktiwiteit 2

(a) familie, filmster

(b) fortuin

(c) fantasties, verfris

(d) fontein

(e) vliegtuig

(f) valskerm, valhelm

(g) vyand, vriend, familie

(h) fabriek

(i) fluister

Aktiwiteit 3 Eie poging